

Verdedig ware aanbidding!

Instruksies: Doen hierdie oefening op 'n stil plek. Stel jou voor dat jy deel is van die gebeurtenis terwyl jy die tekste lees. Visualiseer die toneel. Hoor die stemme. Ervaar die emosies van die karakters. Leef jou in die verslag in.

Hoofkarakters: Elia, Agab en sowat 450 Baälprofete

Opsomming: Elia bewys dat Jehovah verhewe is bo Baäl.

① **ONTLEED DIE TONEEL.—LEES 1 KONINGS 18:17-40.**

Teken op 'n aparte vel papier 'n diagram wat toon waar jy dink Elia, die Baälprofete en die altare in verhouding tot mekaar is.

Watter geluide “hoor” jy gedurende die chaotiese toneel wat in verse 26 tot 29 beskryf word? _____

Watter emosies kan jy in Elia se stem hoor terwyl hy met die Baälprofete praat? _____

② **DELF DIEPER.**

Waarom het Elia moed nodig gehad om Agab te nader en dan 'n toets te doen wat honderde Baälprofete sou verneder? (Leidraad: Lees 1 Konings 18:4, 13, 14.)

Gebruik die navorsingsmateriaal wat jy het om iets omtrent Baälaanbidding te leer. Byvoorbeeld, watter soort gebruike is daarmee verbind? Watter uitwerking het Baälaanbidding op Israel gehad? _____

Waarom dink jy het Elia 'n sloot om Jehovah se
altaar gegrawe en dit toe vol water laat maak?—

**3 PAS TOE WAT JY GELEER HET. SKRYF NEER
WAT JY GELEER HET OOR . . .**

Die moed wat nodig is om ware aanbidding te
verdedig. —

Die voordele vir dié wat sulke moed aan die
dag lê. —

VIR VERDERE TOEPASSING.

In watter aspek(te) van jou lewe kan jy ware
aanbidding moediger verdedig? —

**4 WAT OMTRENT HIERDIE VERSLAG IS
VIR JOU DIE BETEKENISVOLSTE, EN
WAAROM? —**

